Die Drie Hemele en die Nuwe Jerusalem.

2Kor 12:2 Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit— dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.

Die drie hemele !!!

Of ons nou baie, of min, of glad niks , van die hemel weet nie, feit bly dat daar so ‘n plek is. En moenie verwonderd wees omdat die werklikheid van die hemel so benadruk word nie, want daar is vandag nog mense op ons ou aarde wat nie glo dat die hemel werklik bestaan nie.

Die woord “hemel” en “hemele” kom 716 keer in die Bybel voor , “ DAKE’S BYBEL“ Beide Ou en Nuwe Testament.. Die Bybel praat van drie hemele.

Die Hemelse gesig:

2Kor 12:2 Ek weet van **‘n man in Christus**, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.

Die gesegde of uitdrukking wat gebruik word wanneer iemand in ekstase is, naamlik: "Ek is in die 'sewende' hemel", kan maar net beskou word as selfverheffing. Die hoogste hemel is die derde hemel waar God die Vader is, en Jesus aan Sy regterhand. Bogenoemde drie hemele is nie horisontaal langs mekaar nie, maar wel vertikaal onder mekaar.

DIE EERSTE HEMEL

Hebreeus = SHAMAYIM
Grieks = OURANOS

Wat as die wolke hemel, of atmosferiese hemel bekend staan. Wetenskaplik tussen 20 en 25 km dik. Buite hierdie eerste hemel is geen suurstof en lewe nie, en was ook nie in die gryse verlede nie. Die eerste hemel, ook bekend as die onderste of laagste hemel, word baie genoem in die Ou Testament.

Deut 11:11 Maar die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, is ‘n land van berge en laagtes wat van die reën

van die hemel water drink;
1K0n 18:45 En in ‘n oogwink was die hemel swart van wolke en wind, en ‘n groot reën het gekom; en Agab het op die wa geklim en weggetrek na Jísreël;
Efes 6:12 " Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug," verwys hier na die eerste of laagste hemel.

DIE TWEEDE HEMEL

Hebreeus = GALGAL
Grieks = MESOURANEMA

Die tweede hemel, dan ook bekend as die sterre hemel met al die planete, of die astronomiese hemel. Uit die 716 keer waar die woord hemel in die Bybel voorkom, verwys dit meeren-deels na die eerste twee hemele. In slegs 'n paar gevalle word na die hoogste Hemel verwys - die derde Hemel, die besondere woonplek van God, en die heiliges van God.

Verwysing na die atmosferiese- en sterre hemele:
Gen 1:1 In die begin het God die hemel en die aarde geskape.
Gen 1:8 En God het die uitspansel hemel genoem. En dit was aand en dit was môre, die tweede dag.

DIE DERDE HEMEL

Hebreeus = SHACKAQ
Grieks = EPOURANIOS
Dit is die hoogste Hemel, die woonplek van God die Vader, Jesus die Seun en al die heiliges. Dit is die derde hemel waarin Paulus weggeruk was in 2Kor 12:2 **Ek weet van ‘n**

man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.

WAAR IS DIE DERDE HEMEL?

'n Vraag wat deur baie kinders van die Here gevra word. Die aarde draai elke vier-en-twintig uur om sy as. Waar is bo en waar is onder? Wanneer ons praat van die hoogste of derde Hemel, hef ons die hoofde op na bowe. Die Bybel lokaliseer die hoogste Hemel in die NOORDE.

Ps 48:3 Skoon deur sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion, aan die noordekant, die stad van die groot Koning!

Job 26:7 voor Hom wat die noorde uitspan oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks;

Job 37:22 Uit die Noorde kom goud te voorskyn, maar oor God is daar ontsagwekkende majesteit.

Jes 14:13 En jy (Lucifer) het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.

Psa 75:7 Want nie van die opgang (Ooste) of van die ondergang (Weste), ook nie van die woestyn van berghoogtes (Suide) nie.....

DIE ENGELSE VERTALING Sê:

Psa 75:6 For promotion (salvation)*cometh* neither from the east, nor from the west, nor from the south.

Saligheid kom dus nie vanuit die Ooste, die Weste, of die Suide nie, maar kom uit die NOORDE, die derde en hoogste Hemel.

Pred 11:3(b) .....; en as **'n boom na die suide of na die** noorde val, op die plek waar die boom val, daar bly hy lê. (Simbolies van wanneer die mens tot sterwe kom.) Na die Noorde, waar saligheid is. OF na die Suide, waar geen saligheid is nie. [Gered of verlore.]

ELIA

2Kon 2:11 En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens **'n wa van vuur met perde van vuur** wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opge-

vaar.

HENOG

Gen 5:24 En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem.

(Dan 2:28 Maar **daar is 'n** God in die hemel wat geheime openbaar, ...

Luk 2:14 Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!)

ONS BURGERSKAP - NIE VAN HIERDIE WêRELD NIE!

Luk 10:20 ....., maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is.

2Kor 5:1 Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, **'n huis nie met hande gemaak** nie, ewig, in die hemele.

2Kor 5:2 Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word,

2Kor 5:3 as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie.

2Kor 5:4 Want ons wat nog in die tent is, sug en voel beswaard, omdat ons liewer nie ontklee nie, maar oorklee wil word, sodat die sterflike deur die lewe verslind kan word.

2Kor 5:5 Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het.

2Kor 5:6 Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon.

2Kor 5:7 Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.

2Kor 5:8 Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon.

2Kor 5:9 Daarom lê ons ons ook ywerig daarop toe, of ons inwoon of uitwoon, om Hom welbehaaglik te wees.

2Kor 5:10 Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.

Fil 1:21 Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.

Fil 3:20 Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,

DIE GROOT OPENING IN DIE NOORDE.

(AMERIKAANSE WETENSKAPLIKES)

John Morstad rapporteer deur middel van die Herold of Hope-tydskrif, van die wonderteken wat onlangs in die Noordelike sterrehemel en wel in die Orion waargeneem word. Volgens die sterrekundiges is die aanskoulikheid daarvan só aangrypend dat dit hierdie wetenskaplikes, waarvan sommige ongered is, laat voel of hulle in die teenwoordigheid van 'n Almagtige en Grote God verkeer. Hulle is nie een in staat om 'n woordelikse weergawe te gee van wat hulle presies gewaar het nie. Dit kom egter daarop neer dat daar deur spesiale groot lense gewaar word dat daar massiewe hemelkamers in die Orion skuil, diep in die noordelike hemelruim. Daar is pilare wat skuins staan, helder riviere wat vloei en ook plekke wat lyk asof hulle van pêrels gemaak is. Daar is ook glinsterende diamantgange te sien.

Die sterrekundiges stem ooreen dat dié wonderlike verskynsel 'n feit is en dat die prag daarvan nie in woorde oorvertel kan word nie. Die opening in die Noorde is só reusagtig dat daar glo driehonderd duisend van ons eie planeet daarin kan inpas, plus nog die son en dan is daar nog baie ruimte oor. Wat 'n Wonder-God wat die sterre geskep het! Wat deur hierdie sterrekundiges gesien word strook ook met wat ons lees in Job 26:7 "Voor Hom wat die Noorde uitspan oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks."

Professor Learkin van Mt Lowe, Observatory verklaar dat die foto's 'n onbeskryflike en diepliggende hemelprag openbaar. Hy sê dat die pen van die skrywer en die kwas van die kunstenaar onbekwaam is om die prag daarvan te weergee. So iets is nog nooit tevore op die aarde gesien nie, maar is wel daarbo, in die astronomiese sfeer in die Noorde, sigbaar. Is dit dan nie ook wat Lucifer begeer het, om in die Noorde te sit nie? (jes 14:13-14)

Jes 14:12-14 Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!

(13) En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.
(14) Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

Dan weer skets Psalm 48 die Godstad van die Groot Koning aan die noordekant.

Psa 48:1 'n Lied. 'n Psalm van die kinders van Korag.
(vers 2) Die HERE is groot en baie lofwaardig in die stad van onse God, sy heilige berg!
(vers 3) Skoon deur sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion, aan die noordekant, die stad van die groot Koning!
(vers 4) God het Hom in sy paleise bekend gemaak as 'n rotsvesting.

Alle Christene verlang na daardie Godstad - met die toename van kennis op die aarde, wonder 'n mens of God in al sy liefde nie miskien besig is om die sluier van sy Heerlikheid so effens te begin lig nie? Is dit dan nie hoog tyd om een en almal vas te anker aan Hom wat vir ons 'n heerlike hemelwoning voorberei het nie? Laat elkeen trag om opreg te wandel voor God, want die dae is boos en die tyd word korter.

Rapport - 16 Aug 1992.

'n Hemelse koor sing.

'n Groepie Amerikaanse ruimte-wetenskaplikes van Nasa kon hul ore nie glo toe hulle na **'n band** luister wat deur 'n satelliet teruggesein is nie. Dit het kompleet **geklink soos 'n hemelse** koor wat sing.

En die koorsang van sewe minute op die band kom uit die nuwe reusagtige **sogenaamde "swart gat"** in die buitenste ruimte wat verlede jaar deur die Hubble-ruimteteleskoop ontdek is.

Hierdie **"swart gat"** is in die M51-sterrestelsel, sowat twintig miljoen ligjare van die aarde af.

In geheime memorandums wat by Nasa se hoofkantoor in Washington uitgelek het, word beweer dat net 23 mense, onder wie pres George Bush, van **hierdie "koor"**-bande weet.

Op die bande word glo die **"hemelse sang van derduisende stemme"** gehoor.

'**Singende engele'**, glo een van die mense wat na die band geluister het. En voeg by dat hy wonder of die **"swart gat"** in die M51-sterrestelsel nie dalk **die poort na die hemel is nie...**

Hy sê nadat die Hubble-teleskoop die **"swart gat"** ontdek het, het Nasa besluit om 'n gesofistikeerde satelliet met 'n radioteleskoop op die gebied te fokus om radiogolwe te probeer opspoor. Dis toe **dat hierdie "koorsang" opgeneem is.**

Ons ewige tuiste.

1Kor 2:9 maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en **in die hart van 'n mens** nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.

2 Kor 5 :1 Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons **'n gebou het van God**, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele.

Fil 1: 21 Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.

Fil 1: 23 Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;

Fil3:14 Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.

Fil 3:20 Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,

Hoe gou bereik ons, ons ewige tuiste?

Hierdie ewige tuiste (die derde hemel) is anderkant die sterrehemel. Hoe ver is dit van ons verwyder?

Die son is 93 miljoen myl van die aarde af. (149,600,000 km) Die planeet Neptunus is 2 biljoen 797 miljoen 478 duisend myl van die son af. Lig **trek teen 'n spoed van 186 000,282** myl per sekonde.

Die planeet Antares is 14 ligjare van ons verwyder. Dié afstand is dan so lank as wat lig trek teen daardie spoed vir 14 jaar. En dit is nie eers naastenby die verste afstand aan ons bekend nie. Die derde hemel is dus onmeetbaar ver van ons verwyder.

Hoe gou is ons by ons nuwe bestemming? Jesus het vir die rower gesê: **"Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy met my in die paradys wees."** Letterlik staan daar: hierdie selfde dag. Dit beteken vinniger as lig, ja, so snel soos ons gedagte, verwissel ons van woning. Die antwoord is dan: onmiddellik na die dood is ons daar.

Jesus het op dieselfde dag van Sy opstanding hemel toe gevaar en weer terug gekom.

Joh 20:17 Jesus sê vir haar [Maria Magdalena]: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God.

Hand 7:55 Maar hy [Stéfanus] was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God.

Hand 7: 56 En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.

Hand 7: 59 En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy die Here aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees!

2Kon 2:11 En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar.

D L Moody se laaste woorde op sy sterfbed.

"Die aarde wyk, die hemele open voor my, God roep my, ek moet gaan. Dit is my triomf, dit is my kroningsdag."

Die Martelare !!!

1. Stéfanus was die eerste martelaar vir Jesus.

2. CALCONIS (ongeveer 108 N.C.): Calconis was 'n heiden. Terwyl hy egter die martelaarskap van twee Christenbroers aanskou het, het hulle wonderlike geduld onder verskriklike lyding hom so met bewondering vervul dat hy uitgeroep het: ***"Groot is die God van die Christene!"*** waarop hyself onmiddellik ook doodgemaak is.

3. Johannes Hus — beroemde Boheemse Martelaar. Die beroemde Boheemse hervormer en martelaar, Johannes Hus, is in 1369 gebore en op 6 Julie 1415 te Constance, Duitsland, as 'n ketter na die brandstapel gestuur. Toe hy by die strafplaas aankom, het hy gebid. "*In U hande, o Here, gee ek my gees oor. U, o goeie en getroue God, het my verlos. Here Jesus Christus, staan my by en help my dat ek, met besliste en nugtere verstand, deur u mees kragvolle genade, hierdie wreedste en smadelikste dood mag verduur waartoe ek gevonnis is omdat ek die waarheid van U* ***heiligste Evangelie verkondig het."***
Toe die hout tot teenaan sy nek gestapel is, het die Hertog van Beiere hom gevra om sy woorde terug te trek. ***"Nee,"*** het Hus geantwoord, ***"ek het nooit enige leerstelling met 'n*** *sondige strekking verkondig nie, en wat ek met* ***my lippe geleer het, verseël ek nou met my bloed."***
Die vure is toe aangesteek en die martelaar het 'n gesang so hard gesing, dat dit deur die knettering van die vlamme gehoor is.

4. Hugh Latimer, martelaar van die Engelse Hervorming.
"...ons sal vandag sowat van 'n kers in Engeland aansteek as wat nooit geblus sal word nie!"
Hugh Latimer, een van die invloedrykste predikers en heldhaftigste martelare en vooraanstaande leiers van die

Engelse Hervorming, is in ongeveer 1491 te Thurcaston, Leicestershire, gebore en het op 16 Oktober 1555 te Oxford op die brandstapel gesterf.

Tydens Mary se bewind is Latimer in die Toring as 'n **"oproermaker"** bewaar. Ridley en Cranmer is ook na die Toring gestuur en in Maart van daardie jaar is al drie voor die Koningin se kommissarisse te Oxford gebring, vir kettery veroordeel en teruggestuur vir aanhouding.

Agtien maande later is Latimer en Ridley na Oxford gebring om verbrand te word. Toe Latimer vir teregstelling ontklee is, het hy 'n lang doodskleed aangehad. Daar het hierdie verkrimpte ou man gestaan—penregop en heeltemal gelukkig, met 'n sak vol poeier om sy nek gebind. Hulle het mekaar by die brandstapel omhels, neergekniel en gebid, en toe die brandstapel gesoen.

Terwyl die vure aangesteek is, het Latimer sy medelyer met die onvergeetlike woorde aangespreek. *"Hou goeie moed, **Broeder Ridley, en gedra jou soos 'n man. Ons sal vandag sowat van 'n kers in Engeland aansteek as wat nooit geblus sal word nie!"***

Die vlamme het opgeskiet en hy het hard uitgeroep, *"O Vader in die Hemel—**ontvang my gees!"*** Dit was asof hy die vlamme omhels het. Nadat hy sy gesig gestreel het, het hy sy hande in die vuur gewas en spoedig gesterwe.

Martelare uit die Bybel

1. Markus: Was deur die strate van Alexandrië gesleep tot hy dood is.
2. Mattheus: Was gemartel in Ethiopië.
3. Lukas: Was in Griekeland aan 'n olyfboom opgehang.
4. Johannes: (van Openbaring) Was in Rome vasgebind en in 'n kokende pot olie gegooi, maar het herstel, en 'n natuurlike dood gesterf in Efese.
5. Petrus: Was in Rome onderstebo gekruisig.
6. Jakobus: (die Meerdere) Was in Jerusalem onthoof.
7. Jakobus: (die Mindere) Was met 'n houthamer geslaan tot hy dood is.

8. Filippus: Was teen 'n pilaar in Frigië opgehang.
9. Thomas: Was met 'n lans in Koramandel doodgekap.
10. Barthlomeus: Was lewendig oopgesny.
11. Judas: (nie Iskariot nie) Is met pyle doodgeskiet.
12. Simon Silotes: Is in Persië (Moderne Iran) gekruisig.
13. Andreas: Is op Patre in Agaje gekruisig.
14. Mattias: Was onthoof.
15. Paulus: Is in Rome deur Nero onthoof.
16. Stéfanus: (Die eerste martelaar.) Is met klippe doodgegooi.
17. Johannes die doper: Deur Herodes in die gevangenis onthoof.

Is die Hemel nie 'n plek om na te verlang nie? Sal 'n mens nie gewilliglik alles daarvoor opoffer nie? Ja, die laaste sent uit jou sak, die laaste draad aan jou liggaam, selfs man of vrou of kinders is 'n prys nie te hoog om vir die hemel te betaal nie. Die bitterste beproewings, die vurigste vervolging, tot die laaste druppel bloed uit die are, is nie te veel gevra van hulle wat die hemel wil bekom nie. Miljoene van martelare het deur die eeue heen die brandstapels en pynbanke getrotseer, is vir wilde diere gegooi en deur die valbyl onthoof. Hulle is gekruisig en gestenig, vermoor en vermink omdat hulle van die hemel nie wou afsien nie.
Paulus het uitgeroep: "Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is **verreweg die beste;"** en die hemel is die beste, die allerbeste wat 'n mens kan bekom, want alles wat dit bied, is vir ewig.
Daar is '**n plekkie in die hemel vir u en 'n plekkie vir my, plek**kies spesiaal toeberei, maar wat vir ewig leeg sal bly indien ons nie daar is om dit te vul nie.

Hoe dig is die HEMEL bevolk?

Openb 5:11 Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende;

Wetenskaplik is hierdie syfer bereken op eenhonderd-triljoen.

Die sekondes van dertigduisend (30,000) jaar word bereken op een- triljoen.

Die woorde van die liedere digter.

O, hemelland, skoon hemelland, Ek staan hier op 'n hoë rand,
Ek sien daar oor die glase-see, Paleise wat Hy my gaan gee;
Ek sien ook daardie goue strand, My hemel-huis daar anderkant.

———————————————————————-

Sal ons saam oor die rivier gaan, Waar die engele so juig?
Waar die strome skoon en helder, Vloei uit die troon van God.

Ja, ons sal oor die rivier gaan, Die heerlike, die heerlike rivier.
Waar miljoene oorgegaan het, En juig voor die troon van God.

Daar aan die rivier se oewers, Vloei die water stil en sag;
Daar prys ons die Heer vir ewig, So gelukkig die hele dag.

Die rivier blink soos 'n spieël, Waar ons Jesus in kan sien;
Daar sal ons dan nooit weer skei nie, Maar sal Hom vir ewig dien.

Spoedig gaan ons die rivier oor, Spoedig is die stryd verby.
Spoedig sal ons harte daar juig, Waar ons rus en vrede kry.

Die wonderlikheid van die hemel.

In die hemel gaan ons nooit "goeie môre" of "goeie nag" sê nie, want daar sal geen nag meer wees nie.

Open 21:25 En bedags want nag sal daar nie meer wees nie sal sy poorte nooit gesluit word nie;

Open 22:5 En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

Langs daardie goue strate sal daar geen bedelaars sit wat soebat vir aalmoese nie en daar is ook geen agterbuurtes waar armoede en ellende skuilhou nie. Niemand sal meer nodig hê om te swoeg en te sweet om liggaam en siel aanmekaar te hou nie. Daar is pragtige wonings vir almal in hierdie goudstad en niemand sal nodig hê om te koop of verkoop nie, want almal besit alles.

Ons sal nooit weer 'n besem optel om te vee nie, want daar word niks vuil nie. Lap en stopwerk sal onnodig wees, want niks daar sal ooit verslyt nie. Kosmaak sal ook nie nodig wees nie, want die Here sal ons voedsel voorsien.

Saam met die blinkende engelewesens, sal die verlostes vir ewig daar woon. Met verheerlikte liggame, vrygemaak van alle aardse beperkings, deel hulle in die ewige heerlikheid van God se koninkryk. In sy boek **'Die Wederkoms van Christus'** meld Dr. Lemmer du Plessis: "Omdat ons in 'n staat van volmaaktheid leef, sal ons al die engele en al die heiliges op die naam ken." 'n Wonderlike gedagte! Ons sal al die Ou – en Nuwe Testamentiese heiliges onmiddellik herken en hulle vir ons.

Die Skrif leer ons dat daar in die hemel nie 'in die huwelik uitgegee sal word nie.' Met ander woorde ons sal nie in die hemel trou en kinders verwek nie. Ons sal SOOS die engele wees in hierdie opsig.
Mat 22:30 Want in die opstanding trou hulle nie en word ook nie in

die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele van God in die hemel.

Alle kindertjies, miskrame en aborsies ingesluit, sal in die hiernamaals volwasse verheerlikte liggame hê. Dit word beweer dat almal in die hemel ongeveer 33 jaar oud sal wees, aangesien dit die ouderdom is waarop Jesus weggevaar het na die hemel.

Die weg na die hemel.

Die hemel is 'n voorbereide plek vir voorbereide mense. Soos daardie stad lieflik, skoon en heilig is, so het God bepaal dat die mense wat daar wil ingaan ook moet wees, gereinig en geheilig deur die bloed van die Lam.

Psalm 15:2-5 gee ons 10 kwalifikasies wat ons benodig om die hemel te maak:

(1) Hy wat opreg wandel
(2) geregtigheid doen,
(3) met sy hart die waarheid spreek
(4) nie rondgaan met laster op sy tong nie,
(5) sy vriend geen kwaad doen
(6) geen smaadrede uitspreek teen sy naaste
(7) in wie se oë die verworpene veragtelik is, maar hy eer die wat die HERE vrees;
(8) al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie
(9) wat sy geld nie gee op woeker
(10) geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie

Hulle het die hemel geopend, gesien.

Ses persone op aarde het die hemel geopen gesien.

(1) Esegiel [Eseg 1:1] In die dertigste jaar, in die vierde maand, op die vyfde van die maand, toe ek onder die ballinge by die Kebar-rivier was, is die hemele geopen en het ek gesigte van God gesien.
(2) Jesus [Mark 1:10] En dadelik toe Hy opklim uit die water, sien Hy die hemele skeur [King James=Opened] en die Gees soos

'n duif op Hom neerdaal.

(3) Natánael [Joh 1:52] En Hy sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens.

(4) Stephanus [Hand 7:56] En hy het gesê: Kyk, ek sien die hê mele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.

(5) Petrus [Hand 10:11] hy sien die hemel geopend en 'n voorwerp soos 'n groot laken na hom afdaal, wat aan die vier hoeke vasgebind is en op die aarde neergelaat word.

(6) Johannes [Openb. 4:1] Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. Asook Openb. 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

IN DIE HEMEL SAL ....

1. Geen doodskiste wees nie.
2. Geen begrafnisse wees nie.
3. Kreupeles huppel.
4. Verlamdes loop.
5. Stommes praat.
6. Blindes sien.
7. Dowes hoor.
8. Geen rowers, moordenaars, verkragters, misdadigers wees nie.
9. Geen poilisiemag, weermag of tronke wees nie.
10. **GEEN "MOTTE , GEEN ROES, EN DIEWE NIE" MAT 6:19**

Openb. 21:27 En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.

Die nuwe Jerusalem.

Hierdie heilige stad, hierdie Nuwe Jerusalen, is NIE die hemel nie.
In werklikheid is dit deel van die hemel; dit ontstaan in die hemel en word daar gebou, maar is nie die hemel self nie, want Johannes sê in Openbaring 21:2 "En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is."

Dit daal dus neer uit die hemel en sal skynbaar in die lug bokant die aarde, tussen hemel en aarde hang. Daar word nêrens gesê dat dit tot op die aarde neerdaal nie, maar dat dit in die lug sal hang en waarskynlik die woonplek van die heiliges OOR die aarde en nie OP die aarde sal wees nie. Dan word die afmetings van die stad gegee. So kolosaal is hierdie stad, **dat Johannes na 'n groot** en hoë berg weggevoer word van waar hy die stad sien—gebou in die **vorm van 'n volmaakte kubus**—1,500 myl lank, 1,500 myl breed en 1,500 myl hoog. = (2,400 km) Hierdie nuwe Jerusalem sal dus 3biljoen 375miljoen kubieke myl beslaan.

Daar word bereken dat al die geboue van die wêreld met sy meer as 7 miljard bewoners, ongeveer 350 kubieke myl



beslaan. In die hemel sal daar genoeg plek wees vir honderdduisend geslagte. God het ruim voorsiening gemaak vir almal wat he-**mel toe wil gaan. Niemand sal ooit kan sê: "Ek wou tog so graag hemel toe gaan, maar daar was nie plek vir my nie."** Daar sal ons ook nie wonings vind wat **"te koop"** of **"te huur"** is nie. Die boubedrywigheid op hierdie ou aarde is geen vergelyking met die boubedrywigheid in die Hemel, **waar Jesus vir ons 'n** plek gaan berei het nie!

Heb 11:10 Want hy [Abraham] het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.

Heb 12:22 Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele,

Heb 13:14 Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige.

Openb 21:9-27
9. En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. / n sinnebeeldige voorstelling van die bruid van JESUS
10. En hy het my in die gees weggevoer op **'n groot en hoë** berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal;
11. en dit het die heerlikheid van God gehad, en sy lig was **soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspis-**steen.
12. En **dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad**, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel.
13. Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte.
14. En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en

daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam.
15. En hy wat met my gespreek het, het **'n goue meetroede** gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet.
16. En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op dui-send vyf honderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk. / 12 fondamente strek van poort tot poort
17. En hy het sy muur gemeet op honderd vier en veertig el, volgens 'n mens se maat, wat die maat van 'n engel is.
18. En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas.
19. En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag;
20.die vyfde sardóniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrísopraas, die elfde hiasínt, die twaalfde ametís.
21. En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas.
22. En **'n tempel** het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam.
23. En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.
24. En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin.
25. En bedags want nag sal daar nie meer wees nie sal sy poorte nooit gesluit word nie;
26. en hulle sal die heerlikheid en die eer van die nasies daarin bring.
27. En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.

1. Jaspis:

Jaspis is ‘n vorm van chalcedoon en is ‘n opaak, onsuiwer variëteit van Silika. Gewoonlik rooi, geel, bruin of groen. Blou is baie skaars.

2. Saffier:

Die Saffier is ’n kosbare edelsteen en is ‘n deurskynende blou kleur. Dit word oor die algemeen beskou as een van die waardevolste edelgesteentes.

3. Chalcedoon:

Chalcedoon is ‘n half edelsteen en ‘n variëteit van die mineraal kwarts. Die kleur is byna wit tot ligblou of duifblou - ook met strepe. Die steen word ook gevind in meer kleure—soos appelgroen, rooskleur en koperkleur.

4. Smarag:

‘n Smarag is ‘n sterk groen mineraal, wat ook gebruik word as ‘n edelsteen. Smarag is ‘n variant van Beril. Die groen kleur word veroorsaak deur chromium en ook soms yster.

5. Sardóniks:

Sardóniks is ‘n variëteit van Oniks waarin daar gekleurde strepe in skakerings van rooi is, eerder as swart. Suiwer swart Oniks is baie algemeen, en seker ook die gewildste variant, maar nie so algemeen soos Sardóniks nie.

6. Sardius:

Sardius is ‘n rooibruin mineraal en word algemeen gebruik as ‘n half-edelsteen. Die kleur kan varieer van lig oranje tot ‘n intense, amper swart kleur.

7. Chrisoliet:

Chrisoliet beteken “goue steen.” Dit word gevind in meteoriete wat op die aarde geval het. Hierin word dikwels kristalle gevind wat groot genoeg is om waardevolle stene uit te maak.

8. Beril:

Beril is ‘n mineraal. Die agtkantige kristalle wissel van baie klein tot baie groot [meters in grootte.] Suiwer Beril is kleurloos, maar dit kom ook voor in groen, blou, geel, rooi en wit.

9. Topaas:

Suiwer Topaas is kleurloos en deurskynend, maar word gewoonlik getint deur onsuiwerhede. Tipiese Topaas is wynkleur, geel, dowwe grys of ’n rooierige oranje, blou en bruin. Dit kom ook voor in wit, liggroen, blou, goud en pienk [skaars].

10. Chrísopraas:

Chrísopraas is ‘n edelsteen variëteit van Chalcedoon. Die kleur is gewoonlik ‘n appel-groen, maar variëer tot ‘n dieper groen.

11. Hiasínt:

Hiasínt is ‘n half-edelsteen. Dit is ‘n ryk ornaje-geel, oranje-rooi of geel-bruin kleur.

12. Ametís:

Ametís is die violet/pers variëteit van kwarts wat gebruik word in juwele.

‘n Gesig van die Hemel
Mary K Baxter

Nadat die Here haar verskeie kere na die hel geneem het, om aan haar te toon hoe dit daar lyk, het God Sy magtige boodskapper gestuur om haar op ‘n reis na die hemel te neem, en gedeeltes daarvan aan haar te wys.

Onmiddellik was sy op ‘n bonatuurlike wyse saam met die engel weggevoer na die poorte van die hemel.

“Die oorweldigende skoonheid rondom my was asemrowend. Die kleding van die hemelse wese het soos helder lig gelyk. Die engel se driehoekige vlerke het geglinster met die kleure van die reenboog. Die onbeskryflike skoonheid van God was oral sigbaar. Die reuse hek voor my was een soliede pêrel.

Toe ons daar aanland, het daar twee ontsaglike groot engele buitekant die hek gestaan. Hulle het skitterende klere gedra en daar was swaarde in hul hande. Hulle hare lyk soos fyngespinde goud en hul gesigte gloei met ‘n helder lig.

Terwyl ek die engele dophou, het een van hulle ingegaan en feitlik onmiddellik teruggekeer met ‘n boek. Die boek het ‘n goue buiteblad en die drukwerk aan die binnekant was ook van goud. Dit was die boek van my lewensgeskiedenis. My naam was op die buiteblad.

Mary Kathryn Baxter

Hulle het die boek oopgemaak, na mekaar gekyk en gesê ek mag inkom. My gids [engel] het saam met my ingegaan.

Musiek het die hele atmosfeer gevul. Dit was rondom my, bokant my, en het gevoel asof dit my hele wese binnedring. Onbeskryflike mooi musiek en sang het oor die landskap gedraal en dit was asof dit alles en almal binnedring.

Die onvergelyklike skoonheid van die stad het my asem weggeneem. Onbeskryflike mooi blomme en groenigheid. Dit lyk of selfs die blomme hul inleef in die sang en musiek. Dit voel of alles en almal deel van die musiek is.

Hemel is 'n werklikheid. Dis 'n voorbereide plek vir voorbereide mense. Hemel is volmaak, omdat ons verlosser volmaak is. Hemel is buite die bereik van sonde en sondaars. Daar is geen tekorte in die hemel. Die beste en duurste hier op aarde kan nie daarmee vergelyk word nie. God het geen foute gemaak toe Hy hemel geskep het nie. Die onbeskryflike prag en skoonheid is wonderbaar om te aanskou.

Die kombinasie van die skitterende lig van die Seun van God wat weerkaats op die mure van jaspis, poorte van pêrels, ontelbare wonings en die Rivier van die Lewe skep 'n toneel wat geen aardse kunstenaar kan uitbeeld nie.

In hierdie onverderflike plek is daar geen teleurstellings, hartseer, tragedies en rampe. Geen hartseer, geen pyn, geen trane. Almal is gelukkig, besig om iewers heen te gaan of iets te doen. 'n Glans verlig elke gesig wat jy sien. Die ewigheid word nie deurgebring met niks-doen en leeglê nie. Almal is besig in diens van God.

Ek het oral diamante gesien skitter. Dit lyk asof elke christen wat 'n siel vir Christus wen, elke keer 'n eksklusiewe diamant kry.

Trane in die Hemel.

Op 'n stadium het die engel my na die 'kamer van trane' geneem. Ps 56:9 U het my omswerwinge getel; hou my trane in u kruik; is hulle nie in u boek nie?

Die engele vang ons trane op in 'n kruik. Die engel het my na 'n groot ingang geneem met geen deur. Die vertrek self was nie baie groot nie, maar die krag en heiligheid wat dit uitgestraal het, het my verbaas. Toegerus met kristal rakke het die binne mure met 'n helder lig gegloei.

Op die rakke was baie bottels. Sommige was in groepe van drie en het

soos suiwer glas gelyk. Onder elke groep bottels was 'n naam bordjie. Daar was baie van hierdie bottels in die vertrek. Binne in die vertrek was 'n man met 'n verheerlikte voorkoms. Hy het 'n diep pers kleed aangehad wat soos fluweel lyk.

'n Pragtige, blinkende tafel was net binnekant die ingang!

Boeke het op die tafel gelê, wat lyk of dit van die pragtigste syerige materiaal gemaak is. Sommige het diamante, pêrels en kant op. Ander het weer groen en pers stene op. Almal was uniek en onbeskryflik mooi.

Die man in die vertrek het my nader geroep en verduidelik dat dit maar een van verskeie 'trane kamers' is. Hy was in bevel van die vertrek.

Terwyl hy met my praat, kom 'n massiewe engel die vertrek binne. Hy is ongeveer twaalf voet lank, met geweldige groot vlerke. Hy is gekleed in 'n glinsterende wit kleed met 'n goue versiering aan die voorkant af.

Die engel het 'n klein bakkie in sy hande. Hierdie goue bakkie was gevul met 'n vloeistof. Die man in die vertrek se toe: "Hy het nou net 'n bakkie met trane van die aarde af gebring en ek wil hê dat jy moet sien wat ons daarmee doen." Die engel het die bakkie aan hom oorhandig tesame met 'n stukkie papier waarop die naam van die persoon was wie se trane daarin was.

Die man in die vertrek het die bakkie met trane geneem en dit in 'n bottel op die rak gegooi. Dit was die bottel van die persoon wie se trane nou net ingebring was.

"Ek wil jou wys wat ons hier doen," sê die man vir my. "Gaan vertel die mense op aarde hiervan." Toe neem hy die bottel na die tafel, tel een van die boeke op en sê: "Kyk!"

Die bladsye van die boek was heeltemal skoon. Hy gooi toe 'n druppel uit die bottel op die eerste bladsy van die boek. Dadelik begin daar woorde op die bladsy verskyn. Pragitge woorde, sierlik met die hand geskrywe. Elke keer wanneer daar 'n traan op die bladsy val, word 'n hele bladsy vol geskryf. Bladsy na bladsy. Dan maak hy die boek toe

en sê: "Die mees perfekte gebede, is die wat deurweek is met die trane wat uit die harte van die mense op aarde kom."

Toe sê die engel met die reenboog vlerke vir my: "Kom en aanskou die heerlikheid van God."

God maak die boek oop

Onmiddellik was ons in 'n groot plek met duisende en duisende mense en hemelse wesens. Dit was pragtig!

Die engel het my na die troon van God geneem.

Ek het 'n groot miswolk gesien, en binne in dit die beeld van 'n goddelike wese. Ek kon nie God se gesig sien nie, maar ek het die heerlikheid van God aanskou in 'n reënboog oor die troon. Ek het die stem van God gehoor soos Johannes dit beskryf in Open 14:2 "En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters."

In hierdie magtige arena het ek baie perde met ruiters langs die troon gesien.

Skielik het ek 'n boek gesien lê op die altaar voor God se troon. Ek het engele voor Hom sien buig. Iets wat lyk soos 'n mense hand het uit die wolk gekom en die boek oopgemaak.

Verbaas, het ek gesien hoe iets soos rook uit die boek opstyg. Skielik het die heerlikste parfuum wat ek nog ooit geruik het die hele area gevul. Die engel verduidelik toe aan my dat hierdie boek die gebede van die heiliges bevat en dat God sy engele na die aarde stuur om die gebede te beantwoord. Almal het God geloof en vereer.

Terwyl God die boek oopmaak, begin die bladsye uit die boek, in die hande van die engele op die perde te vlieg. Ek kon Sy stem hoor soos die stem van 'n gedonder, sê: "Gaan! Beantwoord haar gebede! Gaan! Beantwoord sy gebede!"

Een van die wonderlikhede omtrent die hemel is, dat ons trane en verdriet vervang word met 'n ewige geluk en vreugde soos belowe in Sy woord."

Dit is onmoontlik om die hele ondervinding wat Mary K Baxter gehad het hier aan te haal. Ons beveel aan dat u haar boek self sal lees.

Hemel gaan al ons verwagtinge VêR OORTREF, dis verseker!!!

MAAK DUS SEKER HEMEL IS U EINDBESTEMMING !

Die Werklikheid van - **"die ewige lewe" !!!.**

Joh 8:51 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as iemand my woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie.

Joh 11:25 Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe;
Joh 11:26 en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?

Pelgrim se reis na die Ewigheid, vertel John Bunyan hoedat Christen op sy weg 'n man teëgekom het met die naam van Ateïs, wat in die teenoorgestelde rigting reis. Ateïs het aan Christen gevra waarheen hy op pad is en toe Christen antwoord dat hy na die hemelstad van God reis, het Ateïs spottend uitgebars van die lag en verklaar dat daar glad nie so 'n plek bestaan nie. "Ek soek al twintig jaar na die plek wat jy hemel noem en kon dit nie kry nie. Draai maar gerus om, daar is nie so 'n plek nie". Daardie soort mense is nog lank nie almal dood nie. Sonder uitsondering is dit hulle wat so verknog is aan die nietighede van hierdie lewe, dat hulle heeltemal blind is vir die hemelse. Vergeefs sal 'n mens hier op die aarde rondkyk vir die hemelse; daarvoor moet jy met n geestesoog opwaarts kyk. "NOORDE"

Volharding

By die geringste teëspoed wil die vlees maar alte graag tou opgooi. Die liggaam smag na gemak en gerief, na dit wat aangenaam is en veroosaak soms geweldige stryd in sy strewe na wat hy begeer, maar die Christen mag nie na die vlees wandel nie.

Wanneer die stryd om te volhard juis op sy hewigste is, dan is dit dat die siel in opstand kom en maklik in wanhoop verval. Die stryd lyk soms so eindeloos en die oorwinning wil maar nie in sig kom nie. Dan maak ons soms die stryd nog moeiliker deur vooruit te kyk en te wonder of ons in staat sal wees om môre en oormôre, miskien vir lange jare, te kan aanhou. Die geheim is egter om jou net by vandag te bepaal. Om vandag te oorwin, is heeltemal genoeg. Moenie môre se laste vandag probeer dra nie. Hy wat daarin slaag om net elke dag te volhard, sal gewis as oorwinnaar uit die stryd tree.

Net volharding sal ons daar bring. Die grootste fout wat iemand kan begaan, is om moed op te gee. As u regtig nie meer kan aanhou **nie, hou dan net nog so 'n klein bietjie aan!!!!!**

Openb 21:10 En hy (engel) het my **(Johannes) in die gees weggevoer op 'n** groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal;

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Tussen die hemel en die hel is daar 'n kloof—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die bloed van Jesus Christus. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 .....—maak jou klaar om jou God te ontmoet, ..."**MARANATA"=KOM HERE**-JESUS KOM !

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(o44) 696-5891

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.